# HOOFSTUK 7

## *VEREENIGING SE EKONOMIESE-ONTWIKKELING: DIE PRIMêRE SEKTOR*

### 7.1 BEGRIPSOMSKRYWING EN TENDENSE IN DIE BREë EKONOMIESE-ONTWIKKELING VAN SUID-AFRIKA

Hierdie hoofstuk wat die breë ekonomiese-ontwikkeling van Suid-Afrika beskryf, dien as agtergrond vir die onderskeie sektore wat in die volgende hoofstukke ter sprake is.

#### *7.1.1 FASES IN DIE EKONOMIESE-ONTWIKKELING VAN SUID-AFRIKA*

Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie het in vergelyking met soortgelyke ontwikkeling in Europa in 'n baie kort tydperk plaasgevind. Die omvang en invloed van hierdie ontwikkeling in Suid-Afrika was derhalwe snel en omvangryk.[1]

Hierdie ontwikkelingsproses het in drie fases plaasgevind. Dié drie fases en die tydperke wat dit verteenwoordig kan soos volg uiteengesit word:

Die landboufase, 1652-1867.

Die landbou-mynboufase, 1868-1914.

Die landbou-mynbou-nywerheidsfase, 1915-hede.[2]

Die drie-fase-ontwikkeling is deur industrialisasie gestimuleer, wat die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die samestelling van die arbeidsmag verander het.

---

1 V. Bosman (red.), ***Nywerheidsontwikkeling in Suid Afrika en fasiliteite vir die oprigting van fabrieke***, p.i; kyk ook diagram in S.J. Terreblanche, ***Die industriële groeiproses, 1770-1940***, p.1; R. Mendelsohn, ***Sammy Marks ...***, p.23.

2 Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, ***Verslag van die Plattelandse Nywerhedekommissie***, UG no. 27/1940, pp.13 e.vv.; G. Marais, ***Die verband tussen ekonomiese ontwikkeling en vestiging van sekondêre nywerhede in die Republiek van Suid-Afrika***, {mededelings van UNISA}, pp.6,14; G.C.R. Bosman, ***The industrialisation of South Africa***, pp.6-21; V. Bosman (red.), ***Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika ...***, pp.iv e.vv.; J. Nattrass, ***The South African economy: its growth and change***, pp.23,24.

## 7.1.2 DIE OMVANGRYKE INDUSTRIALISASIEPROSES IN SUID-AFRIKA

Die industrialiseringsproses in Suid-Afrika is die resultaat van die bogenoemde ontwikkelingspatrone wat die land se ekonomie sedert die epogmakende negentiende eeuse mineraalontdekkings ondergaan het. Hierdie ontdekking het Suid-Afrika se industriële rewolusie ingelui en veroorsaak dat die nywerhede in Suid-Afrika as die leidende sektor van die ekonomie gevestig is.

Elkeen van hierdie bogenoemde fases het 'n duidelike ontwikkelingsbeeld op die land en sy mense nagelaat. Dit kan soos volg saamgevat word. Met die vestiging van Westerse kolonialiste aan die suidpunt van Afrika, was die gebied reeds eeue lank deur die Khoikhoi-veeherders (Hottentotte) en Boesmanjagters bewoon. Europese immigrante het hul handelstasie aktiwiteite hoofsaaklik in die Kaapse Skiereiland gekonsentreer.[3] Hierdie gesentraliseerde begrondingsfase het in 'n landelike-ontwikkelingsfase oorgeloop. Dit strek breedweg vanaf die sewentiende en agtiende eeuse vestiging van landbouers, trekboere en handelaars in die binneland, tot met die vestigingsfase van die Groot Trek, waarin 'n verstrooiing van die bevolking en 'n desentralisasie van ekonomiese aktiwiteite plaasgevind het. Gedurende hierdie fase het Suid-Afrika in sy plase, streke en dorpe uiteengeval.

Die daaropvolgende fase, wat met die laat negentiende eeuse minerale ontdekkings ingelei is, het tot die diamant-, goud-, en steenkoolmynbedrywe gelei.[4] Dit het 'n grootskaalse migrasie of verstedelikingsproses tot gevolg gehad wat tot snelgroeiende dorpe en stede (asook hawe dorpe en stede) en verbeterde vervoersisteme, op basis van 'n twintigste eeuse ekonomie gelei het. Dit was 'n mynboufase wat as gevolg van die stimulus wat dit aan die landbou gegee het, 'n gesamentlike landbou-mynboufase genoem kan word. Hierdie fase was egter 'n fase van konsentrasie of sentralisasie in dorpe en stede waarin hoofsaaklik mynbou-aktiwiteite voorgekom het.[5]

Hierdie fase het nywerheidsontwikkeling gestimuleer.[6] Aanvanklik het veral die sogenaamde beskutte bedryfstakke wat nie aan buitelandse mededinging onderhewig was nie (soos wamakerye, bakkerye, graanmeules, en brouerye) goed ontwikkel. Die Eerste Wêreldoorlog

---

3 H. Giliomee & R. Elphick (reds.), ***'n Samelewing in wording: Suid-Afrika, 1652-1820***, pp.3 e.vv.; F.C. van N. Fourie, ***Some implications of the Union's industrial development: the industrial revolution*** (unp. paper, Institute of Municipal Treasurers and Accountants conference, 29 March 1954), p.70.

4 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.24.

5 F.C. van N. Fourie, ***Some implications of the Union's*** ...., p.70; kyk ook Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, ***Verslag van die Plattelandse*** ..., p.14.

6 Vgl. R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.24.

het invoergoedere bemoeilik en die noodsaak van fabrieksartikels sodanig verskerp dat 'n volskaalse nywerheidsfase ingelei is.[7]

Bogenoemde ontwikkelingspatroon het ook hand aan hand gegaan met die skepping van 'n binne- en/of buitelandse produk as uitvoerbasis.[8] Hierdie tendens het veroorsaak dat slegs dié streke wat oor uitvoerprodukte en gevolglike handelsvoordele beskik het, ontwikkel is. Die produkte waaruit die uitvoerbasis bestaan het, het ook die bogenoemde fases weerspieël. Dit het uit wyn, wol en huide in die landboufase bestaan wat deur diamante en goud in die mynboufase aangevul is. Nywerheidsartikels vorm deel van die produkte in die landbou-mynbou-nywerheidsfase.[9]

Hierdie tendens het veroorsaak dat slegs die streke wat oor die beste potensiaal en handelsvoordele beskik het, intensief ontwikkel is. Opgeleide arbeid was nie altyd beskikbaar nie en die nodige gereedskap en voorraad moes ingevoer word.[10] Die rede hiervoor was dat ekonomiese-ontwikkeling hoofsaaklik op basis van private inisiatief en ondernemerskap plaasgevind het. Gedurende die eerste helfte van hierdie eeu het daar geen wetgewing bestaan waardeur die staat die vestiging van nywerhede verpligtend kon maak of die vestigingsplek daarvan kon bepaal nie. 'n Nyweraar het 'n redelike vrye keuse gehad om te besluit waar die mees lonendste situs vir sy onderneming sou wees.[11] Hierdie laissez-faire beleid het die bepaling van die voordeligste vestigingspatroon en optimale ekonomiese groeikoers aan vryemarkbeginsels oorgelaat.

Die beleid kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat Suid-Afrika ryklik bedeeld is met 'n natuurlike basis vir nywerheidsvestiging. Die omvangryke minerale reserwes en die grondstowwe wat deur die landbou, bosbou, en vissery voorsien word, bied gevolglik 'n breë basis vir verdere verwerking.[12]

---

7 D.G. Franzsen & H.J.J. Reynders (reds.), ***Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika***, 2de hersiene uitg., p.155; Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, ***Verslag van die Plattelandse*** ..., p.15.

8 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.24.

9 G. Marais, ***Die verband tussen ekonomiese ontwikkeling*** ...., p.6.; vgl. G. Marais, "The relation between economic development and the location of secondary industry in the Republic of South Africa", ***Finance and Trade Review***, vol. 5, no. 6, June 1963, p.292; R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.25.

10 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.25.

11 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.25.

12 Vgl. D.G. Franzsen & H.J.J. Reynders (reds.), ***Die ekonomiese lewe*** ..., p.160; J. Nattrass, ***The South African economy*** ..., p.3.

Hiernaas kon nywerheidsvestiging deur die staat en ander bedrywe wat regstreeks of onregstreeks deur die staat beheer word, ook ontwikkeling tot 'n groot mate bevorder.[13]

Hierdie tendense in nywerheidsvestiging het veroorsaak dat sekere streke in gesogte ontwikkelingspole ontwikkel het wat uiteindelik die hele demografiese patroon van die land beïnvloed het. Die beslaggewing van die vier hoof-nywerheidsmetropole van Suid-Afrika wat sedert die Eerste Wêreldoorlog ontwikkel het, naamlik die PWV-kompleks, die Suidwes-Kaapse-kompleks, die Durban-Pinetown-Pietermaritzburg-kompleks, en die Port Elizabeth-Oos-London-kompleks, is die gevolg van hierdie ontwikkeling.[14]

Uit hierdie oorsig is dit duidelik dat die industrialiseringsproses in Suid-Afrika snel en omvangryk was.

### *7.1.3 KLASSIFIKASIE VAN GOEDERE EN DIENSTE*

Hierdie industrialiseringsproses kan ook aan die hand van die goedere en produkte wat ter sprake is geklassifiseer word. Alle goedere en produkte word in drie breë hoofde of sektore ingedeel:

> Die **primêre sektor** bestaan uit goedere wat nog nie deur die mens verwerk is nie, soos landbou-, bosbou- en mynbouprodukte.
>
> Die **sekondêre sektor** bestaan uit die bedrywe wat primêre produkte/grondstowwe tot gebruikersgoedere verwerk of veredel. Die term sekondêre sektor dui op fabriek, nywerheid of industrie.
>
> Die **tersiêre sektor** bestaan uit die lewering van dienste, soos handel, vervoer, kommunikasie, onderwys, finansiële en persoonlike dienste.[15]

Elkeen van die bogenoemde sektore word ook vir doeleindes van die beskrywing van 'n land se produksiestruktuur in hoof- en subgroepe onderverdeel. Vir hierdie doel gebruik die Sentrale Statistiekdiens 'n sogenaamde Standaardnywerheidsklassifikasie wat op die Internasionale Standaardnywerheidsklassifikasie van alle ekonomiese aktiwiteite gebaseer is

---

13 F.J. du Toit, "Industriële en ekonomiese beplanning in Suid-Afrika", ***Tydskrif vir Wetenskap en Kuns***, vol. 11, no. 2, Oktober 1951, pp.123,125; C.P. van der Walt, ***Die staatsbeheerde nywerheidskorporasies in die Unie van Suid-Afrika*** (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1952), p.13.

14 Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, ***Verslag van die Plattelandse*** ..., p.17; J. Nattrass, ***The South African economy*** ..., p.15; F.L. Coleman (Ed.), ***Economic history of South Africa***, p.239; D.G. Franzsen & H.J.J. Reynders (reds.), ***Die ekonomiese lewe*** ..., pp.162,163.

15 J.A. Lombard & J.J. Stadler, ***'n Inleiding tot die ekonomiese beskrywing***, p.207; G.C.R. Bosman, ***The industrialisation*** ..., p.3.

en wat deur die Verenigde Volke-Organisasie opgestel is. Hierdie Verenigde Volke-Organisasie-klassifikasie is aangepas om die besondere struktuur en institusionele eienskappe van die Suid-Afrikaanse ekonomie te akkommodeer. Fabriekswese word byvoorbeeld in 24 hoofgroepe met subgroepe verdeel.[16]

### *7.1.4 FASES IN DIE EKONOMIESE-ONTWIKKELING VAN VEREENIGING*

Die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging is ten nouste aan hierdie bogenoemde ontwikkelingstendense wat die Suid-Afrikaanse ekonomie kenmerk, gekoppel. Die ekonomiese geskiedenis van Vereeniging kan gevolglik nie in isolasie beskou word nie, omdat dit op dieselfde grondslag ontwikkel het. Dit is daarom ten nouste aan die totale ontwikkeling van die land en die streek verbind.[17] 'n Oorsig van Vereeniging se ekonomiese-ontwikkeling word in die bestek van drie hoofstukke bespreek.

Die ekonomiese-ontwikkeling van hierdie streek is aanvanklik deur die primêre sektor, naamlik die landbou en die mynbou oorheers.[18] Hierdie sektore sou noodwendig 'n invloed op die ekonomiese-ontwikkeling van die mense van Vereeniging hê.

## 7.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE LANDBOUSEKTOR

### *7.2.1 PLAASBESETTING EN DIE AANVANG VAN LANDBOU-ONTWIKKELING IN TRANSVAAL*

Die Trekboere en die Voortrekkers wat omstreeks 1836 die Vaalrivier se driwwe oorgesteek het, het gunstig oor hierdie gebied gerapporteer. Ten noorde van die Vaalrivier strek rante ongeveer 100 myl ver parallel met die rivier. Teen die hange het klein stroompies kristalhelder water gevloei en die eerste trekkers het hierdie mooi omgewing die

---

16 J.A. Lombard & J.J. Stadler, ***'n Inleiding tot die ekonomiese** ...*, pp.207,208; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, ***Sensus van fabriekswese, 1979: vervaardigde artikels verkoop***, verslag no. 10-21-38, pp.iii-x; kyk ook Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, ***Bruto binnelandse produk teen faktorkoste, 1911-1968***, verslag no. 09-10-01, p.vii.

17 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid in Suid-Transvaal***, {2 volumes} (ongep. D.Com.-proefskrif, US, 1948), p.21.

18 G. Marais, "The relation between economic development ...", p.308; C.W. Pearsall, "Some aspects of the development of secondary industry in the Union of South Africa", ***South African Journal of Economics***, vol. 5, no. 4, December 1937, pp.412-422.

Witwatersrand genoem.[19] Hier het die trekkers goeie weiveld en genoeg water vir hul diere gevind.[20]

Dit is hoofsaaklik om hierdie bogenoemde redes dat die Suikerboschrand omgewing een van die eerste gebiede ten noorde van die Vaalrivier was, waar die Voortrekkers sedert 1836 gevestig is. Tabel no. 4.1[21] toon die al die plase rondom Vereeniging waarop die name van die eerste eienaars en die toekenningsdatums ook verskyn. Dit is opvallend dat die gesogste plase uit 'n landbou oogpunt gekies is en dat sommige van die plase waarop steenkoolneerslae gevind is eers heelwat later as eiendomsplase geregistreer is. Die rede vir hierdie vestiging kan dus in gunstige vestigingsfaktore soos volop onbesette grond, water en weiding vir hulle vee, asook 'n geskikte klimaat gevind word.[22]

Alle plaasgrond het aan die staat behoort en is aanvanklik met perde afgemeet. Later is gevind dat baie van die plase groter was as wat die eiendomsbewyse aangedui het. Die meeste plase in hierdie omgewing is deur die Voortrekkers as eiendomsplase bekom.[23] Die naaste bure van hierdie wydverspreide boere op die noordelike oewer van die Vaalrivier was die mynbougemeenskap van die Witwatersrand wat na die ontdekking van goud in hierdie gebied gevestig geraak het.[24]

Uit hierdie vestigingspatroon is dit duidelik dat verskillende faktore 'n invloed op die landbou-ontwikkeling in die Vereenigingstreek wat, in die Hoëveldstreek geleë is, gehad het.[25] Die boerdery wat in hierdie gebied gevestig is, het aanvanklik op selfversorging berus, omrede afsetgebiede vir produkte baie beperk was en lang afstande na markte afgelê moes word om produkte te verhandel.[26]

Boerderybedrywe wat deur die Voortrekkers in die nuwe gebied gevestig is, was hoofsaaklik beesboerdery, skaapboerdery, mielies, hawer, ander gewasse soos gars, groenvoer,

19 *Vereeniging News*, 14 December 1945: report.

20 M.S. Basson, *Flood forecasting for reservoir operation with specific reference to Vaaldam* (unp. Ph.D.-thesis, UW, 1978), p.3.

21 Kyk hoofstuk 4, p.54.

22 J.J. Smit, *Die geskiedenis van Heidelberg* ..., p. 100.

23 C. Vermaak, "Know your district Vereeniging ...", p.49; Anon., "Die Vaaldriehoek", *Suid-Afrikaanse Panorama*, vol. 17, no. 11, November 1972, pp.14-21.

24 SAB, Pretoria, Departement van Volkswelsyn (VWN), band 1260, lêer 69/35: brief van die Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging i/s subsidie blanke arbeid, 3 November 1937.

25 Anon., "Die industrialisasie van Suid-Afrika", *Wetenskap en Tegnologie*, 9 April 1943, pp.27,37.

26 P. Naudé, *Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899* (ongep. D.Litt.-proefskrf, UNISA, 1954), pp.1,18.

sorghumgraan en verskillende tipes groente.[27] Dit was veral baster wolskape en wolskape waarmee geboer is. Die volgende tabel toon die stand van die skaapboerdery wat in 1856 en 1890 aangemeld is.

**Tabel no. 7.1: Skaapboerdery**

| Jaar | Wolskape skape | Inheemse | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1856 | 1 011 763 | 155 930 | 1 167 693 |
| 1890 | 591 661 | 703 381 | 6 619 992 [28] |

Teen 1859 is akkerbougewasse soos byvoorbeeld koring van Transvaal na die Vrystaat uitgevoer. Die uitvoerwaarde van hierdie gewasse het sowat £28,000 beloop. Mielies het egter mettertyd die plek van ander gewasse begin inneem. Die gevolg was dat mielies ook later vanaf die Vrystaat na Transvaal ingevoer kon word. Hierdie gebied het bekend geword vir sy uitgestrekte vlaktes en mielielande.[29]

Die ontdekking van diamante en goud het die vraag na landbouprodukte verhoog het en ook die vestiging van binnelandse markte gestimuleer.[30] Gedurende hierdie periode is ook meer aandag aan vasgestelde en beheerde bemarkingstelsels gegee, wat boere meer ekonomies bevoordeel het.[31]

Die volgende ses tipe landboubedrywe is mettertyd in die gebied beoefen. Daar is saai-, gemengde akkerbou-veeteelt-, gemengde veeteelt-akkerbou-, vee-, beperkte bosbou- en besproeiingsboerdery beoefen.[32] Hierdie bogenoemde groeiende stedelike mark het veroorsaak dat daar 'n oorheersende hoeveelheid gemengde boerderye, asook intensiewe tuinbou-, suiwel- en groenteboerderye op kleinhoewes naby die dorpe ontwikkel het.[33]

---

27 P. Naudé, ***Boerdery in die*** ..., pp.24-59.

28 K.E.W. Penzhorn, ***'n Studie van die fisies-biologiese fase van boerderybeplanning in die Hoëveldstreek van Suid-Afrika*** (ongep. D.Sc.-proefskrif, UP, 1959), p.5.

29 C. Vermaak, "Know your district Vereeniging ...", p.49; Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

30 K.E.W., Penzhorn, ***'n Studie van die fisies-biologiese fase*** ..., p.6.

31 Suid-Afrikaanse Instituut vir Koöperasies (SAIKO), ***'n Oorsig oor die ontwikkeling van landboukoöperasies in die RSA*** (Pretoria, Suid-Afrikaanse Landbou-Unie (SALU), 1982), pp.17,18.

32 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., pp 168 e.vv.

33 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.70.

## *7.2.2 DIE INDELING VAN DIE BOERDERYSUBSTREKE IN DIE VEREENIGINGGEBIED*

Die gebied tussen die Vaaldam en Barrage vorm die noordwestelike deel van die Oos-Transvaalse substreek van die Hoëveldstreek. Hierdie gebied se natuurlike geskiktheid vir boerderydoeleindes word as middelmatig beskou. Die ses tipe boerdery wat in die gebied en in besonder in die Vereenigingdistrik en dele van die Vanderbijlparkdistrik, berus nie net op die natuurlike eienskappe van die grond nie, maar word ook deur die aanwesigheid van groot stede en dorpe en hulle behoeftes beïnvloed. Hierdie aspekte het veroorsaak dat gemengde boerdery oorwegend in hierdie gebied beoefen word.

Die landbougebied rondom Vereeniging word in die volgende boerderysubstreke ingedeel:

### 7.2.2.1 SAAIBOERDERY

Saaiboerdery word in die gebied tussen die Vaaldam en Barrage beoefen. Die belangrikste saaideel is in die suidoostelike dele van die Sasolburg- en Vereenigingdistrikte geleë. Die tweede saaideel word in Vanderbijlparkdistrik, noordwes van Vanderbijlpark aangetref. Gronderosie in die vorm van waterverspoeling en slooterosie kom ook in die gebiede voor. Mielies is die hoofgewas wat in die twee saaidele verbou word. Die noordwestelike saaistreek se hoofgewas is mielies, daarnaas volg sonneblom, koring en sorghumgraan. Die akkerbou in die saaistreke is grootliks gemeganiseerd.

### 7.2.2.2 GEMENGDE AKKERBOU-VEETEELT

Die akkerbou-veeteeltstreek kom veral in die Vereeniginggebied voor. Dit kom ook in die grootste dele van die Vanderbijlparkdistrik, asook in die westelike helfte van die Sasolburgdistrik voor. Die natuurlike plantegroei van die streek wissel van rooigrasveld tot suurveld. Tekens van oorbeweiding en uittrapping van die veld kom ook voor. In die streek oorheers mielieverbouing ook die saaiboerderyafdeling, daarnaas volg sorghumgraan en sonneblom, laasgenoemde gewasse word veral in die Vanderbijlparkdistrik verbou.

Veeteelt in die gebied wentel om skaap- en beesboerdery. Oor die algemeen word basterskape vir slagdoeleindes aangehou. Beesboerdery in die streek word veral gekenmerk deur Jerseybeeste vir roomproduksie, asook vleisbeeste en in 'n mindere mate Friesbeeste vir melkproduksie.

### 7.2.2.3 GEMENGDE VEETEELT-AKKERBOU

In hierdie boerderybedryf word die veeteelt as die belangrikste komponent beskou en kom veral in drie gebiede in die streek voor. Die belangrikste gebied waar gemengde veeteelt-

akkerbou beoefen word is ten noorde van Vereeniging in die Kliprivierdal geleë en strek selfs sover wes as die Vereeniging-Langlaagte spoorlyn. Boerdery in hierdie gebied word tans deur die vestiging van plakkergemeenskappe soos Orange Farm bedreig.

Die tweede gebied waar gemengde veeteelt-akkerbou beoefen word is in die suidweste van Vanderbijlparkdistrik in die omgewing van Zeekoeifontein geleë. Die derde deel word tussen Sasolburg en Viljoensdrift aangetref. Die naby geleë dorpe dien as 'n goeie stimulant vir die afset van suiwelprodukte. Daar word meestal met Friese en Jerseys geboer, eerstens vir varsmelkproduksie en tweedens vir roomproduksie. Wat akkerbou aanbetref is mielies die hoofgewas, alhoewel baie daarvan as kuilvoer verwerk word.

## 7.2.2.4 VEEBOERDERY

Die oostelike- en noordelike deel van die Vereenigingdistrik word veral as 'n veeboerderygebied beskou. Nader aan die Kliprivierdal en Witwatersrand oorheers melkproduksie die intensiewe boerderyeenhede. Die waarde van die veeteelt in die Vereeniging-Vanderbijlparkdistrikte kan nie ekonomies onderskat word nie. Vereenigingdistrik word naas die Malmesburydistrik, as die grootste produsent van varsmelk beskou.

## 7.2.2.5 BESPROEIINGSBOERDERY

Die besproeiingsboerdery wat in die Vaaldriehoekgebied voorkom, word veral uit die Vaal- en Kliprivier asook sterk boorgate uit die ou Springfieldmyn besproei. Die gebied se grondtipe is veral vir groenteverbouing soos kool, tamaties, wortels en beet, asook vir voergewasse soos lusern, tef en klawer geskik.

Die enigste geproklameerde besproeiingsgebied is langs die Rietspruit geleë en staan bekend as die Rietspruit Staatsbeheergebied en strek van Waterpan in die noorde tot naby Loch Vaal in die suide.[34]

## 7.2.2.6 BOSBOU

'n Groot aangeplante plantasie, met 'n aanvanklike grootte van plus munis 2 000 morg, waarmee reeds in 1892 'n begin gemaak is, staan as die Maccauvleiplantasie bekend. Hierdie plantasie word aan die Vrystaatkant tussen Viljoensdrift en Vereeniging aangetref.

---

34 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: watervoorsiening*** (ongep. ondersoek, Vaaldriehoek Streekdiensteraad, 1989), p.26.

Die plantasie se aanvanklike hoofdoel was om hout vir stutpale aan die steenkoolmyne in die omgewing te verskaf. Die plantasie het veral uit denne- bloekom- en akkerbome bestaan.[35]

Die ontwikkeling van hierdie bogenoemde landboubedrywe word vervolgens uiteengesit.

## *7.2.3 FAKTORE WAT DIE ONTWIKKELING VAN DIE LANDBOUSEKTOR IN VEREENIGING BEÏNVLOED HET*

### 7.2.3.1 FAKTORE WAT DIE LANDBOU POSITIEF BEÏNVLOED HET

Landbouproduksie was voor die epogmakende minerale ontdekkings hoofsaaklik op 'n selfversorgende bestaan gerig. Produkte is slegs vir lewensmiddele verhandel. Met die ontdekking en ontginning van Suid-Afrika se ondergrondse rykdomme het 'n radikale ekonomiese struktuurverandering ingetree. Hierdie veranderinge het ook die landbousektor landwyd geraak. Die toeloop van mense na die talle mynbedrywighede het binnelandse markte verder ontwikkel.

Die ontwikkelende landboubedryf in hierdie gebied het veral die nodige voedsel aan die blankes en swart mense voorsien wat hulle as gevolg van die steenkoolmynbedrywighede in hierdie gebied gevestig het. Die landbou-ontwikkeling in Vereeniging is met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand verder gestimuleer. Produkte soos melk, botter, vleis, eiers, mielies en sojaboontjies was veral gewild.[36]

Die toeloop van mense na die goudvelde het ook veroorsaak dat die spoorwegnetwerk en paaie verbeter is. Die verhoogde vraag na voedsel, beter vervoerfasiliteite, kommunikasiestelsels en die verbetering van die algemene tegnologie het dus 'n positiewe invloed op landbouproduksie gehad.[37] Op hierdie wyse het daar dus ook nuwe markte vir produkte van die Vereenigingdistrik ontstaan.

Die vestiging van veeboerdery in Vereenigingdistrik het ook nie agterweë gebly nie. Veeboere kon veral in die omliggende gemeenskap se behoeftes voorsien. Nadat Vereeniging kragtens 'n Volksraadsbesluit op 10 November 1896 as invoerpoort verklaar is, is verskeie stuks vee en ander handelsartikels deur hierdie invoerpoort na die Witwatersrand en elders vervoer.[38]


---

35 A.J.G., Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, pp.70-81.

36 H.G. van Eck, "Ons Nywerheidsontwikkeling", *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, vol. 4. no. 1, Julie 1943, pp.19,43.

37 SAIKO, *'n Oorsig oor die ontwikkeling van landboukooperasies ...*, pp.17,18.

38 TAB, Pretoria, ZAR, band 32: J.A. Schaigen van Leeuwen, *De locate wetten en volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1879*, p.204.




**Kaart no. 7.1:** **Plase deur Vereeniging Estates (Ltd.) verkoop**

Bron: Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1215: sketch plan of farms and assets of the Vereeniging Estate, January 1902.

Tabel no. 7.2 toon die aantal vee wat in die loop van sowat 13 jaar by Viljoensdrift deurgelaat en geïnspekteer is.

**Tabel no. 7.2: Veeinspeksies te Viljoensdrift**

| Feb. 1897 | Getalle | Des. 1906 | Getalle | Julie 1910 | Getalle |
|---|---|---|---|---|---|
| Osse | 1 949 | Perde | 1 262 | Vee | 34 596 |
| Koeie | 89 | Muile | 500 | Skape | 120 978 |
| Kalwers | 191 | Donkies | 1 195 | Bokke | 4 840 |
| Skape | 24 102 | Vee | 18 708 | Varke | 9 573 |
| Bokke | 177 | Skape | 80 011 | Perde | 3 085 |
| Lammers | 427 | Bokke | 8 163 | Muile | 756 |
| Varke | 1 124 | Varke | 4 700 | Donkies | 925 |
| Wild | 19 | Volstruise | 11 | Volstruise | 53 |
| Totaal | 28 078 | Totaal | 114550 | Totaal | 174 812 [39] |

Vereeniging Estates, die dorpeienaars en ontwikkelaars, het ook nie op hulle laat wag om landbouskemas in die gebied te vestig nie.[40]

Altesaam 16 plase is aan Vereeniging Estates Limited verkoop. Die plase (soos op die meegaande kaart aangedui)[41] Klipfontein, Klipplaatdrift, Leeuwkuil, Panfontein, Uitvlugt, Vyffontein, Vischgat, Zoekfontein was noord van die Vaalrivier aangekoop. Suid van die Vaalrivier is Bankfontein, Bordeaux, Damplaats, Driefontein, Maccauvlei, Nyverheid, Overvloedfontein, Palmietfontein, Rietfontein, Robespruit, Schaapplaats, Vaalbank en Zandfontein aangekoop.[42]

Op hierdie plase het Vereeniging Estates 'n omvangryke landbouskema van stapel gestuur.[43] Dit was die grootste landbouprojek tot op daardie datum wat in die Vereenigingse streek aangepak is. Marks was beïndruk met die landbou moontlikhede van die plase aan die walle van die Vaalrivier. Daar was voldoende water, vrugbare grond en voldoende goedkoop arbeid. Sammy Marks het onder meer van meganisering gebruik gemaak om mielies en ander gewasse te plant en te verbou.[44] Marks het stoomploeë en ander landboumasjinerie

39 TAB, Pretoria, SS, dokument R 6764: inspeksie verslag Viljoensdrift, Februarie 1897; TAB, Pretoria, Transvaal Agriculture Department (TAD), band 151, verw. A 2672/3, deel 1: inspeksie verslae, Desember 1906 en Julie 1910.

40 *Vereeniging News*, 22 Desember 1939: report.

41 TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1215: sketch plan of farms and assets of the Vereeniging Estate, January 1902.

42 Vgl. TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1974: Vereeniging en omgewing, ca. 1899.

43 *Vereeniging News*, 22 Desember 1939: report.

44 R. Mendelsohn, *Sammy Marks* ..., p.27.

en -toerusting ingevoer om mielies en ander gewasse te verbou.[45] Soos reeds vermeld is 'n plantasie ook by Maccauvlei aangeplant wat hout aan die omliggende myne moes voorsien.[46] Die resultate wat op hierdie plase behaal is het plaaslike waarnemers, wat aanvanklik hulle bedenkinge oor die ondernemings gehad het, verbaas.[47]

Na die Tweede Vryheidsoorlog is hierdie boerderybelange verder uitgebou.[48] Daar was 'n totaal van 1 764 stuks vee, meestal osse, op die plase en 45 perde is later ook bygevoeg. Ten tye van hierdie uitbreiding het Vereeniging Estates ook 5 000 skape by Maccauvlei aangehou. Volstruise is ook daarheen gebring. Varke is geteel wat hulle kos in die bosse moes vind. Patats en tabak is ook aangeplant. In 1903 is daar bereken dat die maatskappy se boerderybedrywighede 9 892 sakke mielies en 6 200 sakke graansorghum per jaar gelewer het.[49]

Na 1910 was voedsel in Suid-Afrika nog goedkoop. Suid-Afrikaanse nywerhede het gedurende hierdie jare begin om fabrieksware te vervaardig wat benodig is. Die gevolg was dat die lewe oor die algemeen baie gemakliker geword het. Dit het voorgekom of die meeste mense 'n voorspoedige tyd belewe het. Die boere het ook 'n rustige tydperk beleef.[50]

Uit Vereeniging se landboudistrik is gereelde oesverslae aan die Afdeling Landbou-ekonomie gestuur. Hierdie oesverslae het die volgende inligting verskaf: inligting oor die verskillende oesseisoene; die hoeveel grond wat bewerk is; die oesverslae en die vernaamste gewasse wat verbou is. Tabel no. 7.3 bied 'n oorsig van so 'n oesverslag wat uit die Vereenigingdistrik ontvang is.

---

45 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks** ...*, p.32.

46 Anon, "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

47 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

48 ***Vereeniging News***, 31 March 1944: report.

49 ***Vereeniging News***, 9 February 1945: report; G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële** ...*, pp.50,68.

50 Anon., ***The 'United' Transvaal directory, 1912***, p.1925.

Tabel no. 7.3: **Oesverslag**

| Plaaseienaar | Plaasnaam | Produkte verbou 1930 |
|---|---|---|
| J.H. Cronje | Klipkop | Mielies, Sorghumgraan, en Tef |
| W.G. van Waart | Zuurfontein | Mielies, Boontjies en Tef |
| J.L. Kruger | Uitvlugt | Mielies |
| G.B. Brits | Jachtfontein | Mielies, Sorghumgraan |
| L.C. Blignaut | Kaalfontein | Mielies, Sorghumgraan |
| F.H. Smithers | Waldrift | Mielies, Sorghumgraan en Tef[51] |

Die twee Wêreldoorloë het ook 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van die landbou in die Hoëveldstreek gehad. As gevolg van die oorloë is daar 'n tekort aan sekere produksiemiddele ondervind, wat 'n verhoogde aanvraag en pryse tot gevolg gehad het.[52]

In die Vereenigingdistrik het die mielieoeste en beesboerdery na die Tweede Wêreldoorlog op groot skaal toegeneem. Volgens die 1948/49-oesverslae was mielies die vernaamste landbougewas in die distrik. Sowat 179 326 sakke mielies is gelewer, wat op 'n gemiddeld van vier tot agt sakke mielies per morg bereken is. Die toename in beesboerdery het die gevaar van oorbeweiding en gepaardgaande gronderosie ingehou.[53] Hierdie toename in beesboerdery het ook die Vereenigingdistrik as belangrike varsmelkprodusent gevestig.[54]

Hierdie toename in landbouproduksie sedert die Tweede Wêreldoorlog is ook in die res van die land waargeneem. Die bruto waarde van landbouprodukte het byvoorbeeld van R40 miljoen in 1930 tot R120 miljoen in 1947 vermeerder. Dié vermeerdering is nie net deur hoër pryse nie, maar ook deur die vermeerdering van produksie en ontwikkeling van nuwe landboudistrikte gestimuleer. Die bevolkingsaanwas het ook tot hierdie groei bygedra. So word onder meer in die suidwestelike Vrystaat ook met mielies geboer, waar vroeër net met skape en beeste geboer is. In die suidoostelike distrikte is die Merinoskaapboerdery deur beesboerdery vervang. Die produksie van melk het ook toegeneem en na raming is die unie se melkopbrengs vir 1948 op 350 000 000 gellings melk bereken. Beesboerdery het ook vanaf 1928/29 van 'n totaal van 590 000 beeste wat geslag is, tot 1 091 000 beeste wat in 1948 geslag is, toegeneem. In 1928 is 204 000 varke in die unie geslag en teenoor die 481 000 wat in 1948 geslag is. Skaapproduksie het net so toegeneem. In 1928 is

---

51 SAB, Pretoria, Sekretaris van Landbou (LDB), band 1257, verw. R 1074/5/29: gewas verslae Vereenigingdistrik, 15 Julie 1930.

52 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese studie van 'South African Farm Implement Manufacturers' ...*, pp.10,23.

53 *Vereeniging News*, 29 Junie 1951: report.

54 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, p.71.

2 569 000 skape, lammers en bokke geslag en in 1947 het die totaal op 3 184 000 gestaan.[55]

Pryse is sodoende gestimuleer en het tot gevolg gehad dat die verhoogde produksie nie net aan die binnelandse behoeftes voorsien kon word nie, maar die surplusse wat sodoende ontstaan kon ook uitgevoer word.[56]

Die volgende faktore het landbou-ontwikkeling na die Tweede Wêreldoorlog gestimuleer:

a) Verbruikersaanvraag.

b) Prysstabilisasie.

c) Groter oppervlakte onder verbouing.

d) Uitbreiding en verbetering van meganisasie. In 1939 het Vereeniging die voortou geneem met die meganisering van die landbou met die stigting van SAFIM wat implemente vervaardiging het.[57]

e) Vermindering van die aantal trekdiere.

f) Groter kunsmisgebruik.

g) Beter tegniese navorsing.

h) Voorsiening en verbetering van landbou-onderwys.

i) Instelling van die landbouvoorligtingsdienste.

j) Beter boerderypraktyke en finansiering.

k) Voorsiening van massa-opbergingsfasiliteite.

i) Verbeterde kommunikasienetwerke.

m) Elektrisiteitsvoorsiening.

---

55 *Vereeniging News*, 11 September 1948: report.

56 K.E.W. Penzhorn, *'n Studie van die fisies-biologiese fase ...*, pp.8,9.

57 Kyk ook hoofstuk 8, pp.266 e.vv.

n) Kommunikasiedienste.[58]

o) Lae uitvoertariewe vir landbouprodukte het ook die landbou positief beïnvloed. Dit is ingestel om oorskot uit te voer. Die beperkte verbruiksvermoë van die binnelandse mark het 'n geringe skommeling in die oes 'n geweldige skommeling in die prys van die produk veroorsaak. Hierdie skommelings het veral die mieliebedryf 'n spekulatiewe onderneming gemaak. Lae uitvoertariewe was 'n oplossing om hierdie probleem te oorbrug.[59] Hierdie lae tariewe het die boere in staat gestel om die oorproduksie in die buiteland te verkoop en die mieliebedryf op 'n meer bestendige basis te plaas.[60]

Suid-Afrika was tussen 1946 en 1953 die vyfde belangrikste mielieproduserende land in die Westerse wêreld. Die mielieboere van die Vereenigingstreek het beslis nie 'n groot bydrae tot die realisering van hierdie prestasie gelewer nie. Die gemiddelde opbrengs van 6.5 sakke per morg wat in hierdie streek gelewer is, word as die tweede laagste mielieproduksie ter wêreld beskou. Verskeie maatreëls is deur die Departement van Landbou in werking gestel om die opbrengs van die mielieboere te verhoog.[61]

Die Vereeniging se landbouprodukte het met uitsondering van slagvee, gedurende Februarie 1956 in vergelyking met dié vir Februarie 1955 'n daling getoon. Hierteenoor het boerderygereedskappe se pryse gestyg. Dit kan soos volg verduidelik word.

Indien die prysindeksyfer op die getal 100 as basis vir die berekening van landbouproduksie geneem word, het die gekombineerde syfer die vir somer- en wintergrane, hooi en ander produkte soos aartappels, patats, uie en droëbone in Februarie 1955 op 297 gestaan. In Februarie 1956 het die syfer na 291 gedaal. Die syfers vir die onderskeie tydperke ten opsigte van suiwelprodukte was 296 en 295, vir pluimvee en pluimveeprodukte was die syfer 240 en 237 en vir slagvee het die syfer op 365 en 371 te staan gekom. Die gesamentlike indeksyfer vir ploeë en saaimasjiene en planters het in Januarie 1955 op 293 en in Januarie 1956 op 287 gestaan. Die syfers vir hierdie bogenoemde tydperke ten opsigte van oesimplemente het op 277 en 281, vir vragmotors op 340 en 348 en vir trekkers op 255 en 260, gestaan.[62]

---

58 L.W.A. Nel, ***Produksie en verbruikerstendense van landbouvoedselprodukte met spesiale verwysing na Suid-Afrika*** (ongep. D.Com.-proefskrif, UNISA, 1945), pp.102-125.

59 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.81..

60 G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële*** ..., pp.50-68.

61 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 February 1955: report.

62 ***Vereeniging en Vanderbijlpark Nuus***, 27 April 1956: berig.

'n Rede vir hierdie stygende produksiekoste het volgens mnr. S.P. le Roux, die destydse minister van Landbou, in Suid-Afrika se afhanklikheid van oorsese landboumasjinerie gelê. Die regering het volgens hierdie Minister geen beheer oor die oorsese prysstygings gehad nie. Die Minister het egter verklaar dat hy volle vertroue in die Markwet en die Landboubeheerrade gehad het om die produsent sowel as die verbruiker te beskerm.[63]

Die vinnige ontwikkeling van die boerderybedryf in die Hoëveldstreek, gedurende hierdie na-oorlogse jare, het veroorsaak dat boerdery van 'n suiwer veeteeltbedryf na 'n gemengde boerderybedryf verander het, wat op 'n gemeganiseerde grondslag bedryf is.[64]

Gedurende die sestigerjare is daar goeie oeste in die distrik van Vereeniging verkry soos wat in die onderstaande tabel aangetoon word.

**Tabel no. 7.4:** **Landbouproduksie in Vereenigingdistrik: koring, mielies, sorghumgraan, sonneblomsaad en grondbone, vir die tydperk 1.7.1959 - 30.6.1960**

| Koring 200 lb sakke | Mielies 200 lb sakke | Sorghumgraan 200 lb sakke | Sonneblomsaad 100 lb sakke | Grondbone 100 lb sakke |
|---|---|---|---|---|
| 1 070 | 245 671 | 1 298 | 5 872 | 2 029[65] |

Wat die beesboerdery betref kan vermeld word dat daar vanaf die sestigerjare jaarliks ongeveer 5 317 beeste in Vereeniging geslag is, wat in hierdie omgewing geteel is. Daar is ook ongeveer 1 625 skape geslag, wat in die omgewing geteel is.

Die varsmelk verkope is gedurende die sestigerjare op sowat R1 207 422 per jaar bereken.[66]

Gedurende die laaste dekades het die Vaaldriehoek se beeld as nywerheidsgebied veroorsaak dat die gebied nie meer as 'n landboustreek beskou is nie.[67] Daarom word dit as 'n uitsondering beskou dat in hierdie nywerheidsomgewing nog landbou beoefen word. Die rede hiervoor is dat hierdie gebied reeds sy landelike herkoms verloor het.[68]

---

63 *Vereeniging en Vanderbijlpark Nuus*, 27 April 1956: berig.

64 K.E.W. Penzhorn, *'n Studie van die fisies-biologiese fase ...*, p.169.

65 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, pp.1,76.

66 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, p.80.

67 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14,21.

68 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 26 March 1971: report.

## 7.2.3.2 FAKTORE WAT DIE LANDBOU NADELIG BEÏNVLOED HET

Daar was verskeie faktore wat die landbou-ontwikkeling in die Vereenigingdistrik negatief beïnvloed het.[69]

Die voortdurende droogte tot aan die einde van 1889 het die weivelde kaal gelaat. Die tekort aan voer het veroorsaak dat die diere nie die ossewaens deur die driwwe kon trek nie. Feitlik alle boerderybedrywighede het in die Vereenigingdistrik tot stilstand gekom nadat die boere vir die Tweede Vryheidsoorlog gemobiliseer is.[70]

Gevestigde boere het later ook aan die stormloop vir diamante in hierdie gebied deelgeneem. Die oorblyfsels van hierdie diamantkoors kan nog by Loch Vaal gesien word. Daar is egter nie noemenswaardige diamante gevind nie.[71] Heelwat van hierdie boere wat na die groot rykdomme gaan soek het, het niks gevind nie.

Die primêre nywerhede, soos die landbou en die mynbou, in Suid-Afrika was ook kwesbaar. Die wêreldwye depressie wat na die 1914-1918 oorlog geheers het, het die landbou byvoorbeeld nadelig getref.[72] Hierdie kwesbaarheid is voor die veertigerjare ook benadruk deur die feit dat primêre nywerhede groot hoeveelhede vervaardigde produkte moes invoer omdat hulle daarvan afhanklik was.[73]

Naas hierdie landswye probleem wat die landbou negatief beïnvloed het, was daar ook die volgende plaaslike probleme wat vermeld kan word. Vereeniging Estates het sy grootskaalse boerderybedrywighede by Maccauvlei tot 1923 voortgesit. Na hierdie datum is die maatskappy se landbou- en veeboerdery verminder. Die maatskappy se landerye is in kleiner eenhede verdeel en aan boere verhuur. Hierdie beleid het die omvang van landbouproduksie verminder.[74]

Gedurende 1929 met die Wallstraatse aandeleskok is die hele wêreld se ekonomie benadeel. Dit het 'n direkte invloed op die landbou gehad, tesame met die groot droogte van daardie

---

69 Vgl. P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.290,299.

70 Vgl. Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, verw. 03/9755 (ongep. manuskrip, Vaal Teknorama, Vereeniging, s.j.), p.150.

71 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.94-97.

72 Vgl. SAB, Pretoria, VWN, band 1260, lêer 69/35: brief van die Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging i/s subsidie blanke arbeid, 3 November 1937.

73 H.G. van Eck, "Ons nywerheidsontwikkeling", pp.19,43; ***Vereeniging News***, 9 February 1945: report.

74 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.52.

tyd.[75] Na 1929 het 'n wêreldwye depressie ingetree, wat ook die landbougemeenskap in die Vaaldriehoek gedwing het om ander werksgeleenthede te soek.[76] Behalwe die landboupryse wat gedaal het, het daar ook 'n knellende droogte in Suid-Afrika geheers, wat tot gevolg gehad het dat verskeie boere bankrot gespeel het.[77] Te midde van hierdie depressietoestande is gepoog om produksiekoste te verminder. Tesame met die groei van industrieë in stedelike gebiede en die swak landboutoestande het baie mense verstedelik. Dit het tot die ontvolking van die platteland gelei.[78] Daar is meer van die dienste van onopgeleide swart mans gebruik gemaak. Dit het tot groot ontevredenheid gelei. Daar was ook stakings vir hoër lone gewees.[79]

Ten spyte van hierdie omstandighede was daar was ook by tye nie voldoende landbou-arbeiders beskikbaar nie. Die Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging het noodwendig gedurende 1937 aansoek gedoen vir subsidie vir blanke arbeiders. Die seuns wat hul wou betrek was vir swaar arbeid liggaamlik ongeskik.[80]

Gedurende 1948 en 1949 het die boere in die Vereenigingdistrik weer die las van 'n buitengewone droogte gehad. Hulle landerye is ook deur mielieruspes aangeval. 'n Haelstorm in Desember 1948 het verdere verwoesting gesaai. Hierdie teenspoed het tot gevolg gehad dat slegs 50% van die beraamde mielieoes geoes kon word.[81] Die belangrikste probleme wat die mielieboere gedurende die na-oorlogse tydperk gehad het was probleme met arbeiders, dorsmasjiene en onvoldoende hoeveelheid goiingsakke waarin die mielies versend is.[82]

---

75 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.94,97,172; A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalriviervdal ...***, p.7.

76 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

77 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.168.

78 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes ...***, p.13.

79 ***Vereeniging News***, 16 August 1946: report; Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.94-97; K.E.W. Penzhorn, ***'n Studie van die fisies-biologiese fase ...***, p.179.

80 SAB, Pretoria, VWN, band 1260, lêer 69/35: brief van die Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging i/s subsidie blanke arbeid, 3 November 1937.

81 ***Vereeniging News***, 26 February 1949: report; ***Vereeniging News***, 12 November 1949: report; ***Vereeniging News***, 25 December 1948: report

82 ***Vereeniging News***, 10 July 1948: report.

Politieke omstandighede in die land het ook 'n negatiewe invloed op die landbou-ontwikkeling in Vereeniging gehad.[83] Die ekonomiese druk vanuit die buiteland op Suid-Afrika het onsekerheid ten opsigte van toegang tot uitvoermarkte geskep, wat oorproduksie veroorsaak het.[84]

Daar is ook gevind dat alhoewel die landbou 'n groot werkverskaffer kan wees, die grootste enkele beperkende faktor vir die landbou, water is.[85] Kapitaal is ook skaars en daar is heelwat geld nodig vir die ontwikkeling van waterprojekte.[86]

'n Verdere faktor wat die landbou-ontwikkeling rondom Vereeniging geraak het, was dat nywerheidsontwikkeling op landbougrond plaasgevind het.[87] Goeie landbougrond het daardeur verlore gegaan.[88] Die Amalgamated Collieries het byvoorbeeld die Corneliasteenkoolmyn op plase soos Klipplaatdrift, Leeuwkuil, Bankfontein, Emden, Modderfontein, Kruisementfontein, Smalstreep, Maccauvlei, Rietfontein, Zandfontein, De Hoop, Khadie, Wenen, en Zuurbekom ontwikkel.[89]

Die landbou in Suid-Afrika en Vereeniging het tussen 1956/57 en 1966/67 met slegs 2,2 persent per jaar gegroei. Dit word algemeen aanvaar dat die landbou nie 'n leidende groeinywerheid is nie. Die relatief lae groeikoers tussen 1956/57 en 1966/67 was egter in 'n mate deur die groot fluktuasies wat jaarliks in landbouproduksie voorkom beïnvloed.[90]

'n Ander faktor wat verstedeliking aangemoedig het was die onseker toestande wat na afloop van die Tweede Wêreldoorlog geheers het. Gedurende hierdie jare het heelwat boeregesinne na die stede getrek en ook na Vereeniging gegaan om nuwe werksgeleenthede te soek. Hierdie mense het meestal as ongeskoolde arbeiders in myne en fabrieke werk gesoek.[91] Die mense kon nie almal in die stede aanpas nie en 'n bestaan uit landbou was

---

83 Anon., "A new industrial triangle: Vereeniging, Vanderbijlpark and Sasolburg", ***South African Builder***, vol. 32, no. 2, February 1954, pp.53,55.

84 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.117,170.

85 ***Vereeniging News***, 4 July 1952: report.

86 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.117-170.

87 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.27.

88 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.123.

89 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.76.

90 Anon., "Nywerheidsontwikkeling", ***Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie***, April 1973, pp.362,363.

91 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21; J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., pp.12,13.

ook onmoontlik. Kleinhoewes is as 'n moontlike oplossing gesien.[92] Van hierdie boere het gepoog om nog boere te bly en het landbouhoewes rondom Vereeniging aangekoop. 'n Kleinhoewe is 'n klein onderverdeling van grond waarvan die grootte nie begrens kan word nie, maar wat meestal van twee hektaar tot 20 hektaar wissel.[93]

Gedurende die sestigerjare was daar 21 621 klein plasies in die vernaamste buitestedelike gebiede van Transvaal. In die Vereenigingomgewing alleen, was daar 2 260 van hierdie plasies.[94] Wat landbouhoewes betref, was daar 34 437 in die vernaamste buitestedelike gebiede van Transvaal, waarvan 6 784 in die Vereeniginggebied geleë was. Hierdie kleinhoewes vorm 'n onderbroke gordel rondom Vereeniging en Vanderbijlpark met die grootste konsentrasie noordoos, noord en noordwes van Vereeniging en wes van Vanderbijlpark.[95] Hierdie hoewes word meestal deur werknemers van Vereeniging, Sasolburg, Vanderbijlpark en Meyerton se nywerhede bewoon.

Mettertyd is die bestaansreg van die landbouhoewes bevraagteken. Die winsgewendheid van landbouhoewes is bevraagteken, en ondersoek na die effektiewe opheffing van landbou in die gebiede op 'n kommunale basis of minstens op bestaansbasis is ingestel.[96]

Die eienaars van landbouhoewes het ook met die jare hul ontevredenheid uitgespreek omdat die swart mense 'n al groter wordende vraagstuk op die kleinhoewes geword het.[97] Gedurende 1970 was daar heelwat klagtes oor swart mense wat op kleinhoewes geplak het.[98] Gedurende 1972 het die eienaars van die landbouhoewes van Unitas Park, Roods Gardens, Houtkop, Lenteland, Dreamland, Waterdal en Harmoniesrus ook hul ontevredenheid oor verhoogde belastinggelde uitgespreek.[99]

---

92 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., p.12.

93 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., p.8.

94 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning ...", pp.73,84; M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.233.

95 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., pp.1,71.

96 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.235; Streeksontwikkelingvereniging (SOV), Strategie-oefening, September 1992, p.6.

97 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., p.23.

98 ***Vereeniging en Vanderbijlpark Nuus***, 18 September 1970: berig.

99 ***Vereeniging en Vanderbijlpark Nuus***, 15 Desember 1972: berig.

Die kleinhoewegebied van Vereeniging kom aan die oostelike, noordelike en westelike kante van die stedelike gebied van Vereeniging voor en val binne die munisipale grens van Vereeniging. Die volgende landbouhoewes is mettertyd ontwikkel en geproklameer:

| | | |
|---|---|---|
| ♦ | Roods Gardens | 1933 |
| ♦ | Unitas Park | 1933 |
| ♦ | Roods Gardens, Uitbreiding no. 1 | 1935 |
| ♦ | Unitas Park, Uitbreiding no. 1 | 1936 |
| ♦ | Roods Gardens, Uitbreiding no. 2 | 1938 |
| ♦ | Unitas Park, Uitbreiding no. 2 | 1938[100] |

Die boerderybedrywe wat meestal op die plasies beoefen word, is melkery, mielies, voerkraal, hoenderboerdery, kwekery en akkerbou.[101] Daar is gevind dat die kleinhoewes te klein is om 'n sukses van voltydse boerdery te maak.[102]

### *7.2.4 INSTELLINGS EN HULPBRONNE WAT LANDBOU-ONTWIKKELING ONDERSTEUN HET*

In hierdie afdeling word verskeie instellings en hulpbronne oorsigtelik bespreek wat landbou-ontwikkeling in hierdie streek ondersteun het.

In hierdie opsig is water sekerlik een van die belangrikste hulpbronne vir landbou-ontwikkeling in die Vereenigingdistrik.[103] In hierdie omstandighede sou die Vaalrivier 'n belangrike rol speel.[104]

---

100 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., p.36.

101 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., p.57.

102 J.P.D. Strauss, ***'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes*** ..., p.168.

103 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.27.

104 M.S. Basson, ***Flood forecasting for reservoir*** ..., p.3.




**Foto no. 3:** **Vaaldam - Deneysville**

Bron: G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële ontwikkeling van die Suid-Sentraal-Transvaal*** (ongep. M.Sc.-verhandeling, UW, 1955).

Vanaf die begin jare is die landbou deur watervoorraad geraak.[105] Die Vaalrivier het die plaaslike landboubedryf van die nodige water voorsien. Die Vaalrivier het onder meer besproeiing moontlik gemaak.[106]

Die koms van myne en nywerhede het die behoefte aan water laat toeneem.[107] Verskeie maatreëls is ingestel om die probleem die hoof te bied.

Teen 1907 is daar reeds 'n stuwal in die Kliprivier gebou waardeur die water tot ongeveer 600 voet wyd opgedam is. Die water is onder meer vir besproeiing en die verdere ontwikkeling van die plantasies en landbougrond by Maccauvlei aangewend.[108]

Teen 1933 het die steeds toenemende eise wat aan die watervoorrade van die Vaalrivier gestel is tot nuwe ontwikkelings gelei.[109] Gedurende die dertigerjare het ontwikkeling van die Vaaldam 'n aanvang geneem.[110] Die Vaalrivier en Vaaldam het 'n groot rol in die landbou-ontwikkeling van die Vaaldriehoek gespeel.[111]

In die lig van hierdie voordeel het Vereenigingse Stadsraad ook tot die boukoste van die Vaaldam bygedra. Daar is beplan om 60 miljoen gelling water per dag uit die Vaaldam te onttrek. Hierdie onttrekkingsregte is in 1937 met 70 miljoen gelling vermeerder.[112] Die stadsraad het die reg gehad om 215 miljoen gelling per dag uit die Vaalrivier te kon onttrek.

Boere in hierdie omgewing het reeds gedurende 1946 vertoë tot die regering gerig om subsidies te ontvang sodat hul van elektriese krag gebruik kon maak om hul landerye uit die Vaaldam te besproei. Hierdie besproeiing uit die Vaalrivier het veroorsaak dat die boere

---

105 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.110-117.

106 J.B. Willers, ***Die watervoorsiening van die nywerheidsgebiede*** ..., pp.1,61.

107 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.27.

108 Anon., ***The 'United' Transvaal directory, 1907***, p.2184; Anon., ***Donaldson & Braby's Transvaal & Rhodesia directory, 1913***, p.1507.

109 Unie van Suid-Afrika, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH), ***Die Vaalrivier: verslag oor die watervoorrade van die Vaalriviervallei met betrekking tot sy toekomstige ontwikkeling***, UG 40/53, p.3.

110 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News*** {supplement}, 27 October 1967: report.

111 M.S. Basson, ***Flood forecasting for reservoir*** ..., p.3; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News*** {supplement}, 27 October 1967: report.

112 Anon., "Vereeniging and Vanderbijlpark: amazing industrial progress recorded since end of the War", ***Careers Guide***, vol. 17, December 1949, p.302.



**Foto no. 4:** **Verhoging van die Vaaldam**

Bron: G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële ontwikkeling van die Suid-Sentraal-Transvaal*** (ongep. M.Sc.-verhandeling, UW, 1955).

genoeg produkte kon produseer om in die meeste behoeftes van gemeenskap van Vereeniging te kon voorsien.[113]

Gedurende 1953 is daar egter gevind dat die beskikbare watervoorraad geheel en al ontoereikend was vir die toekomstige behoeftes van die stadsraad en ander gevestigde verbruikers langs die Vaalrivier, en is daar op verdere ontwikkeling aangedring.[114]

Soos reeds gestel het die twee Wêreldoorloë 'n stimulerende invloed op die ontwikkeling van landbou in die Hoëveldstreek gehad. Daar was byvoorbeeld 'n tekort aan produksiemiddele wat 'n verhoogde aanvraag en verhoogde pryse veroorsaak het.[115] Die pryse van die landbouprodukte is in so 'n mate gestimuleer dat dit nie slegs die binnelandse verbruik voorsien het nie, maar daar is ook surplusse verbou wat uitgevoer kon word. Die ontwikkeling van spoorweë het ook 'n invloed op die landbou gedurende hierdie jare gehad.[116]

Die verbouing van mielies en beesboerdery was na 1945 steeds belangrike landboubedrywe in hierdie omgewing en die nywerheidsgebiede was steeds deur plase omring.[117] Heelwat faktore het in hierdie na-oorlogse tydperk die landbou-ontwikkeling in hierdie gebied ondersteun.[118]

Die meganisering van die landbou was 'n belangrike na-oorlogse hulpbron.[119]

Die vroegste vermelding van meganisering in Vereeniging dui op 'n maaier wat in 1862 uit die Verenigde State ingevoer is. Gedurende 1867 is die eerste Massey-oesgereedskap ingevoer. Sedert 1885 is hierdie Massey-implemente op 'n gesistematiseerde wyse in Suid-Afrika versprei. 'n Aantal ingenieurswerkswinkels in Suid-Afrika, soos in Vereeniging, het met die vervaardiging van onderdele en implemente begin. Hierdie poging was ook daarop gemik om Suid-Afrika se ingevoerde plaastoerusting in werkende toestand te hou.

---

113 *Vereeniging News*, 16 August 1946: report.

114 Unie van Suid-Afrika, RONH, *Die Vaalrivier: verslag oor die watervoorrade van die Vaalrivier ...*, pp.11 e.vv.

115 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese studie van 'South African Farm Implement Manufacturers' ...*, pp.10,23.

116 K.E.W. Penzhorn, *'n Studie van die fisies-biologiese fase ...*, pp.8,9; Anon., *Braby's Transvaal & Rhodesia directory, 1915*, p.1487.

117 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool ...*, p.235.

118 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, pp.1,76.

119 H.J. van Eck, "Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika", *Tegnikon*, vol. 6., no. 3, Oktober 1953, pp.102-114; K.E.W. Penzhorn, *'n Studie van die fisies-biologiese fase ...*, p.10.

Gedurende 1939 is SAFIM gestig en gedurende 1940 is SAFIM se geboue in Vereeniging voltooi. Die oorlogtydse omstandighede het veroorsaak dat SAFIM eers gedurende 1941 met produksie kon begin.

Gedurende 1942 is daar oorgegaan na die vervaardiging van plaastoerusting. Aanvanklik het die oorlog en 'n tekort aan opgeleide arbeid die firma se produksie benadeel.[120]

SAFIM het in 'n groot mate tot die ontwikkeling van die landbou bygedra, aangesien hierdie onderneming die vervaardiging van 'n tweeskaarploeg en die vervaardiging van êe, skoffels en ploegskare gestandaardiseer het.[121] Gedurende 1947 is 'n ooreenkoms gesluit waarvolgens SAFIM die vervaardigingstegnieke, dienste en bemarking, soos dit deur die Kanadese maatskappy aangewend word, bekom het. SAFIM het benewens sy eie fabrikate soos oesmasjiene, ook implemente, masjiene en onderdele vir groot maatskappye soos Massey-Ferguson en Ford vervaardig. As gevolg van hierdie ontwikkelinge sou dit vir die plaaswerker nie meer nodig wees om trek- of sleepimplemente met die hand te beheer nie.[122]

Gedurende die oorlogsjare het die Federale Volksbeleggings Beperk finansiële bystand aan SAFIM verskaf.[123] Na die Tweede Wêreldoorlog het SAFIM sy blanke werkers hoofsaaklik vanaf die omliggende plase getrek.[124]

SAFIM se produkte is vanaf die laat veertigerjare na die destydse Suid- en Noord Rhodesia, Portugees Oos Afrika, Angola, die Belgiese Kongo, Kenya, Uganda, Tanganjika, Brazil, Griekeland en Turkye uitgevoer.[125] Hierdie uitgebreide mark het veroorsaak dat SAFIM, by Vereeniging, as die grootste vervaardiger van plaaswerktuie op die vasteland van Afrika gevestig is.[126] Die ontwikkeling van SAFIM het Suid-Afrika se landboubedryf in 'n groot mate onafhanklik van die buiteland gemaak.[127]

Naas SAFIM het Massey-Ferguson 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse landbou, as die grootste vervaardigers van landbou-implemente gespeel. Die eerste Ferguson-trekker is in

120 SAB, Pretoria, HEN, band 513, lêer 52, vol. 3: the story of SAFIM, 1949.

121 SAB, Pretoria, HEN, band 512, lêer 52, vol. 1: memorandum, 3 September 1946.

122 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.202.

123 SAB, Pretoria, HEN, band 513, lêer 52, vol. 3: the beginnings of SAFIM, n.d.

124 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese studie van 'South African Farm Implement Manufacturers'*** ..., p.76.

125 SAB, Pretoria, HEN, band 513, lêer 52, vol. 3: the story of SAFIM, 1949.

126 Anon., "Massey-Ferguson vyftig jaar in Suid-Afrika", ***Volkshandel***, vol. 37, no. 12, Februarie 1977, p.48.

127 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese studie van 'South African Farm Implement Manufacturers'*** ..., p.159.

1946 ingevoer. Die voordele van hierdie ontwikkeling was menigvuldig. In 1961 het Massey-Ferguson van Toronto die maatskappy Massey-Ferguson (Suid-Afrika) Beperk gestig. Daar is 100 verskillende soorte plaasmasjiene en implemente ter waarde van R6 miljoen per jaar vervaardig.[128]

Gedurende 1977 het die Massey-Ferguson-maatskappygroep 'n jaarlikse omset in die koers van R65 miljoen gehad, hulle het nagenoeg R3 miljoen per jaar belasting betaal. Hierdie maatskappy het werk aan bykans 2 200 mense van alle rassegroepe verskaf. Massey-Ferguson het gedurende 1977 bykans 200 verskillende basiese masjiene en werktuie, waarvan 70 deur SAFIM en 36 deur Slattery vervaardig.[129]

Massey-Ferguson het 'n goed toegeruste opleidingsentrum by Vereeniging wat deur deskundiges beman word. Gedurende 1977 het 8 000 kandidate reeds kursusse aan hierdie voltydse opleidingsentrum voltooi. Massey-Ferguson se produkte is met welslae in talle lande, insluitende die Verre- en Midde-Ooste en Suid-Amerika bemark.[130] Massey-Ferguson het deur sy baie geslaagde demonstrasiedae 'n belangrike diens aan die boere gelewer. Skaarsheid van arbeid en die vinnig toenemende koste daarvan het die boere gedwing om in 'n toenemende mate te meganiseer.[131]

'n Ander noodsaaklike hulpbron vir die landbou is die ontwikkeling van landbouverwerkingsbedrywe.[132] Die volgende landbouverwerkingsbedrywe het inderdaad 'n belangrike rol in die ontwikkeling van landbou in Vereeniging gespeel.

Vereeniging Consolidated Mills het deur die toedoen van Adolf Sacks tot stand gekom. Adolf Sacks was 'n meulenaar uit Oos-Europa wat in 1916, saam met die ondernemer Sammy Marks, 'n meule in Vereeniging opgerig het.

Hierdie meule het 'n baanbrekersrol op die gebied van dierevoeding en die olie-ekstraksie nywerhede in die land gespeel. Hierdie onderneming is as 'n filiaal van Vereeniging Estates Limited geregistreer.[133] Dit was die eerste meule in Suid-Afrika wat met meganiese

---

128 Massey-Ferguson (Suid-Afrika) Beperk, ***1ste Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Oktober 1961***, p.5.

129 Anon., "Massey-Ferguson vyftig jaar ...", p.48; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 8 October 1965: report.

130 Anon., "Massey-Ferguson vyftig jaar ...", p.48.

131 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 8 October 1965: report.

132 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 July 1969: report.

133 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

hanteergeriewe vir die massa inname en berging van mielies toegerus was. Die meule het ook 'n groot rol in die ewolusie van die stapelvoedsel van die swart bevolking gespeel.

Die meule het so uitgebrei dat daar gedurende 1921 al reeds agt graansilo's opgerig is. Nadat die mielies gedors is het die boere hulle oeste met ossewaens by die meule afgelewer.

In hierdie tydperk is Vereeniging se meule van toerusting vir die uitpersing van olie uit oliedraende sade soos grondboontjies, voorsien.

Hierdie toevoeging het veroorsaak dat die meule heelwat handelsverliese ondervind het. Vervolgens is die olieaanleg aan Consolidated Oil Products in Selby, Johannesburg, afgestaan. Hierdie maatskappy is daarna deur die Vereeniging Milling Company in vennootskap met Premier Milling Company Limited aangekoop en onder die naam van Epic Oil Mills Limited, het dit die kern van die Epolmaatskappy gevorm, wat gebalanseerde dierevoeding vervaardig. Uiteindelik het Premier Milling hierdie maatskappy oorgeneem.[134]

Gedurende Junie 1948 is Vereeniging Milling Company as 'n openbare maatskappy op die Johannesburgse aandelebeurs genoteer. Die dierevoedingstak het hierna die mees dinamiese groei in die maatskappy se verskillende vertakkings getoon.[135]

In die landboudistrik van Vereeniging het die verskillende boereverenigings ook 'n groot ondersteunende rol gespeel.[136] Die Transvaalse Landbou-Unie is op 29 September 1897 gestig. Die Landbou-Unie het die sake van die boeregemeenskap in Transvaal behartig.[137]

Die Vereeniging Distriksboere-Unie is in 1923 gestig. Dit het aanvanklik uit een boerevereniging met 'n ledetal van 40 boere bestaan. Sedert hierdie datum is die volgende agt boereverenigings gestig: Rietspruit, Losberg, Kaalfontein, Cyferpan, Suikerbos, Evaton, Vaalrivier en Kliprviervallei.[138] Die werksaamhede van die Vereeniging Distriksboere-Unie is uiteenlopend van aard aangesien alle belange van hierdie boeregemeenskap hanteer word.[139]

Hierdie unie het hom onder meer ten doel gestel om die jong en onervare boere van Vereeniging met raad en daad te bedien. Daar het ook tot 16 lede in die bedryfskomitees

134 *Vereeniging News*, 14 December 1945: report.

135 R. Mendelsohn, *Sammy Marks ...*, p.51.

136 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14,21.

137 Transvaalse Landbou-Unie, *Die boere van Transvaal en hul organisasie, 1897-1957*, pp.11-33.

138 Transvaalse Landbou-Unie, *Die boere van Transvaal en hul organisasie ...*, p.277.

139 Anon.,"Die Vaaldriehoek", pp.14,21.

van die Transvaalse Landbou-Unie gedien. Deur lid te wees van die Landbou-Unie het die boere van Vereeniging gesorg dat hul nie geïsoleerd raak nie en dat hulle op hoogte van die nuutste landboumetodes gehou is. Op hierdie wyse is algemene landbousake en inligting rakende die verbouing en bemarking van produkte, arbeid, veeteelt, suiwelbedryf, grondbewaring, wolproduksie en plattelandse elektrisiteitsvoorsiening bekom.[140]

Die Vereeniging Distriksboere-Unie het byvoorbeeld tydens die 1947-afsluitingsvergadering in die Grand Hotel die volgende jaarverslag oor hulle werksaamhede bekend gemaak. Die voorsitter, mnr. E.B. Townsend, het die unie se finansiële sake bekend gemaak. Die unie het gedurende 1947 'n netto inkomste van £379.11.0 gehad. Vir die betrokke jaar kon die lede van die unie 90 000 sakke mielies aan Vereeniging Milling Company verkoop. Die plaaslike mielie-oes vir die jaar het die 200 000 kerf oorskry. Volgens mnr. Townsend moes die boere die hulp van die Mieliebeheerraad, die Koringraad en die Bemarkingswet aanvaar. Hierdie rade was volgens hom instellings wat die boere ondersteun het. Tydens hierdie vergadering is 'n nuwe bestuur vir die nuwe boekjaar verkies. Die nuwe bestuur het uit mnre. E.B. Townsend (voorsitter), J. Vorster (ondervoorsitter), E.S. Webb (sekretaris) en G. Steyn (tesourier) bestaan.[141]

Uit verdere persberigte kan afgelei word dat die unie baie bedrywig was en hulle lede voortdurend op hoogte van sake gehou het.[142]

Die Transvaalse Vroue Landbou-Unie (TVLU) se eerste kongres is op 24 Augustus 1926 in Pretoria gehou, waarna hierdie unie ook na Vereeniging uitgebrei het. Op hierdie wyse het die boerevrouens van Vereeniging ook hul belangstelling in landbou getoon. Die lede van die vereniging het aan kompetisies en skoue deelgeneem.[143]

Die volgende instelling wat landbou ondersteun het is die Vereeniging Landbou- en Nywerheidskouvereniging wat gedurende Desember 1958 gestig is. Mnr. Dick Fourie is as die eerste president verkies. Die eerste uitvoerende komitee is op 16 November 1959 verkies. Die vereniging staan amptelik as die Suid-Transvaalse en Noord-Vrystaatse Landbou- en Nywerheidskouvereniging bekend.

Die eerste skou is op 28 Mei 1960 deur kolonel K. Rood geopen. Vir hierdie tweedaagse skou het die Stadsraad die hele markgebou aan die skouvereniging beskikbaar gestel.

140 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 February 1955: report.

141 ***Vereeniging News***, 8 November 1947: report.

142 ***Vereenging News***, 10 July 1948: report; ***Vereeniging News***, 4 December 1948: report; ***Vereeniging News***, 26 February 1949: report.

143 Transvaalse Vroue Landbou-Unie (TVLU), ***Gedenk album van die TVLU, 1925-1975***, pp.24,34.

Aangevuur deur die sukses met die eerste poging het die vereniging 'n versoek tot die Stadsraad gerig vir grond en finansiële hulp.

Die skou wat later as die Vaalskou bekend geword het, het jaarliks meer uitstallers gelok. Die tentoonstellings duur gewoonlik drie dae. Hierdie tentoonstellings het aan Vereeniging en die landbou groot publisiteit verskaf. Dit het die vertoonvenster vir die landboubedryf, nywerhede en handelsektor in die Vaaldriehoek geword.[144] 'n Verskeidenheid van diere word jaarliks vertoon. Die kleinvee-afdeling word so goed ondersteun dat die Provinsiale Duitse Merino Kampioenskappe byvoorbeeld gedurende die 1965-skou plaasgevind het. Heelwat vermaaklikhede word jaarliks aangebied. Daar is ook 'n arena met 'n paviljoen waar items aangebied en besigtig kan word.

Gedurende 1967 het die Stadsraad, met die goedkeuring van die Administrateur, die skougronde vir 'n tydperk van 30 jaar aan die vereniging verhuur.[145]

Hierdie skou word steeds goed deur nywerhede ondersteun, en nyweraars lewer ook finansiële ondersteuning om die infrastruktuur van die skouterrein te verbeter. Gedurende die tagtigerjare is die Vaalskou as die derde grootste skou in Transvaal gereken. Die skou se bydrae is steeds daarop gerig om 'n bydrae tot die bemarking van die landbou-, nywerheid- en handelsektor te maak.[146]

### *7.2.5 DIE RESULTAAT VAN HIERDIE LANDBOU-ONTWIKKELING*

Hierdie landbou-ontwikkelingsproses het op verskillende wyses die kultuurvlak van die boeregemeenskap beïnvloed.[147]

Baie boere se plase is na die ontdekking van steenkool deur die mynmaatskappye opgekoop. Hierdie toedrag van sake het 'n invloed op die lewenspatroon van die boere gehad, omdat die meeste boere na hierdie transaksies verstedelik het, waar 'n totale ander kultuur geheers het.[148]

---

144 Vaalskou, Vereeniging , Raadsnotule, 1955; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 February 1955: report.

145 Vaalskou, Vereeniging, Raadsnotule, 1967.

146 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 February 1955: report; Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om Grootstadstatus*** (ongep. verslag, Stadsraad van Vereeniging, 1991), pp.41,42.

147 ***Vereeniging News***, 16 August 1946: report.

148 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News*** (supplement), 27 October 1967: report.

Hierteenoor het die myngemeenskappe 'n belangrike afsetgebied vir die boere se landbouprodukte geword. Die boerderybedryf moes bestuursgewys hierby aanpas en dit het nuwe uitdagings aan die boeregemeenskap gestel.[149]

Aanvanklik was die boere wat aan weerskante van die Vaalrivier geboer het, die naaste mense wat deur die klein myngemeenskap besoek kon word. Tussen hierdie twee groepe sou daar dus kultuuroordrag plaasvind. Hierdie kontak het veroorsaak dat die landbou in die Vereenigingdistrik nie meer in isolasie plaasgevind het nie.[150]

Die landbou-ontwikkeling is egter in 'n groot mate deur die verstedeliking van boere sowel as arbeiders geraak.[151] Hierdie omstandighede van die landbou het 'n belangrike invloed op die kultuurvlak van die mense in hierdie omgewing gehad. Die rede hiervoor is dat die ekonomiese vlak van die mens in 'n groot mate ook sy kultuurvlak bepaal.[152] Die veerkragtigheid van die plaaslike myngemeenskap se ekonomiese peil het 'n blywende invloed op die landbougemeenskap se kultuurvlak gehad.[153] Heelwat boere uit die omgewing het in die myne en nywerhede gaan werk.[154]

Die landbou en ander nywerhede was in 'n groot mate van mekaar afhanklik. Die ontwikkeling van die een sektor het die ontwikkeling van die ander sektor gesteun.[155]

## 7.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE MYNBOUSEKTOR

Sedert die ontdekking van die steenkoolneerslae het die landboubedrywighede vir mynbou plek gemaak.[156] Die bevolkingsvestiging in Vereeniging hang ten nouste saam met die plaaslike ontginning en aanwending van hierdie steenkoolneerslae.[157] Hierdie steenkoolveld dek 'n gebied van sowat 2 100 vierkante myl.[158]

---

149 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 26 March 1971: report.

150 H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging* ..., p.3.

151 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 28 November 1969: report.

152 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal* ..., pp.1,76.

153 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, November 1981: report.

154 H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging* ..., p.3.

155 H.J. van Eck, "Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika", pp.102-114.

156 L.T. Nel & H. Jansen, *The geology of the country around Vereeniging* ..., p.69.

157 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool* ..., p.2.

158 L.T. Nel & H. Jansen, *The geology of the country around Vereeniging* ..., p.85.

Die ontwikkeling van die mynbou het 'n belangrike rol in die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gespeel.[159] Die mynbou-ontwikkeling rondom Vereeniging is ook deur verskillende faktore beïnvloed.

## 7.3.1 DIE ONTDEKKING VAN STEENKOOLNEERSLAE EN DIE AANKOOP VAN PLAASGROND

Die mynbou-ontwikkeling het met die ontdekking van steenkool in die Vereeniginggebied begin.[160] Soos reeds genoem is die steenkoolneerslae gedurende 1878 deur Stow ontdek.[161] Die ontmoeting tussen Marks en Stow het tot die stigting van De Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging in 1880 gelei.[162] Stow het magtiging by hierdie mynmaatskappy verkry om al die plase waarop steenkoolneerslae voorkom, aan te koop.[163]

Stow het op 16 November 1880, ses jaar voor die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, die plaas Leeuwkuil van Jan Hendrik Venter teen R1 500 gekoop.[164] Hierdie eiendom is op 27 Januarie 1882 in die naam van die mynmaatskappy geregistreer.[165] Altesaam 16 plase is later aan Vereeniging Estates Limited verkoop.[166]

Die Vereeniging-Clydesdale steenkoolveld strek vanaf die plase Kookfontein en Waldrift in die noorde tot by Schaapplaats no. 181 in die suide. Dit is 'n afstand van ongeveer 30 myl.

---

159 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.7.

160 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.62; R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.27.

161 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, November 1981: report.

162 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.62.

163 R. Mendelsohn, ***'...The country is rotten with coal'*** ..., pp.1-4; Suid-Afrikaanse Vereniging van Munisipale Werknemers, ***Amptelike Suid-Afrikaanse munisipale jaarboek, 1988***, p.258.

164 TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1974: Vereeniging en omgewing, ca. 1899; TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1215: sketch plan of farms and assets of the Vereeniging Estates, January 1902; H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.78; M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.63.

165 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

166 TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1974: Vereeniging en omgewing, ca. 1899; TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1215: sketch plan of farms and assets of the Vereeniging Estate, January 1902; vgl. ook Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Landmeter-generaal, ***Alfabetiese lys van plase in die provinsie Transvaal***, pp.30 e.vv.; ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

Die steenkoolveld strek oos-wes vanaf Kruisementfontein no. 84 in die ooste, tot op Tweelingfontein no. 386 in die weste. Dit is 'n afstand wat oor ongeveer 20 myl strek.[167]

## *7.3.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERSKILLENDE MYNE*

Daar het verskeie steenkoolmyne reg rondom Vereeniging ontwikkel. Op die plaas Leeuwkuil het Stow se eerste primitiewe mynbedrywighede begin.[168] Hierdie ou skag het later deel van die Bedworthsteenkoolmyn geword.[169]

Die Centralmyn was een van die eerste myne wat ontwikkel is. Hierdie myn was 'n gashoudende steenkoolmyn wat heelwat mynprobleme veroorsaak het. Hierdie myn het tog 'n belangrike bydra tot die welvaartspeil van die gemeenskap van Vereeniging gelewer.[170] Gedurende die eerste dekade van die eeu het ongeveer die helfte van die dorp se inwoners by dié myn of by dié aangrensende steengroef gewerk. Die omstandighede by die myne het beslis 'n invloed op die kultuurvlak van die gemeenskap gehad.[171]

Bedworthmyn het ongeveer in 1883 geopen. Die Bedworthmyn was op die westelike grens van die huidige terrein van Vereeniging Refractories geleë. Dié terrein was ongeveer een-en-'n-half myl stroomaf van die rivieroorgang by Viljoensdrift geleë. Die Bedworthmyn het in die plek van Centralmyn gekom. Stow het die vroeë mynboubedrywighede by die ou skag van die Bedworthmyn bestuur. Teen 1886 was die ou skag by die Bedworthmyn die enigste myn wat op groot skaal in die Transvaal in produksie was. Die werksaamhede by die Bedworthsteenkoolmyn het vinnig gevorder. Soos reeds vermeld was die inwonertal van die myngemeenskap teen 1882 voldoende om vir die stigting van 'n dorpsgebied aansoek te doen.[172]

Mettertyd is heelwat ander steenkoolneerslae rondom Vereeniging ontgin. Aan die oostelike oewer van die Vaalrivier, by die samevloeiing met die Suikerboschrandrivier, is ook

---

167 J.F. Cillié & W.H.D. Savage, ***Die steenkoolveld Vereeniging*** ..., pp.1,2.

168 TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1974: Vereeniging en omgewing, ca. 1899; TAB, Pretoria, Kaartafdeling, verw. S/3/1215: sketch plan of farms and assets of the Vereeniging Estates, January 1902; H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.78; M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.63; ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

169 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

170 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.66.

171 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.216.

172 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 6 May 1966: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 October 1971: report; R. Mendelsohn, ***Sammy Marks*** ..., p.55.




**Foto no. 5:** **'n Transportryerskonfooi beweeg deur die Vaalrivier te Vereeniging**

Bron: Vaal Teknorama (Kultuur en Nywerheidsmuseum), Vereeniging.

steenkoolneerslae ontgin. Steenkoollae is ook op die oewer van die Kliprivier en op die westelike oewer van Taaiboschspruit ontgin.[173]

Die De Beers Consolidated Mines het in gelyke vennootskap met McKay gedurende 1881 die plase Kookfontein en Waldrift aangekoop. Hierdie klein steenkoolmyn wat later as die Springfieldmyn bekend gestaan het, is op hierdie plase ontwikkel.[174]

Verskeie faktore het die ontwikkeling van die mynbou beïnvloed. Die vervoer van steenkool was 'n belangrike faktor.[175] Transportryers was aanvanklik vir die vervoer van steenkool verantwoordelik. Hierdie geharde en vindingryke manne het die enigste vervoerdiens vir handelsware oor lang afstande gelewer.[176] Stow het die steenkool per ossewa na Kimberley laat vervoer. Hierdie transportryerwaens kon gemiddeld 4 ton steenkool per vrag vervoer.[177] Hierdie transportryers het heelwat probleme gehad.[178] Elke transportryer moes byvoorbeeld oor voldoende kapitaal beskik om 'n transportwa en osse op die been te bring. Daar is van 'n bestendige aantal waens gebruik gemaak om steenkool na Kimberley te vervoer.[179] Hierdie werksmetode was aanvanklik geslaagd en het in 'n groot mate bygedra tot die ontwikkeling van verskillende myne in die Vereeniginggebied. Mettertyd het die spoorweë ontwikkel en is gevind dat dit 'n noodsaaklike vervoermiddel vir die mynontwikkeling was.[180]

Die Cornelia Colliery het in die Bedworthmyngebied vir steenkool gemyn.[181] Hierdie myn is gedurende 1894 geopen. Gedurende 1895 is die eerste Corneliaskag gegrawe.[182] Hierdie steenkoolmyn is in die sogenaamde elmboog van die Vaalrivier geleë. Die Bettyskag is aan

---

173 L.T. Nel & H. Jansen, ***The geology of the country around Vereeniging** ...*, p.68; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 July 1974: report.

174 ***Vereeniging News***, 12 January 1945: report; ***Vereeniging News***, 12 January 1945: report.

175 J.F. Cillié & W.H.D. Savage, ***Die steenkoolveld Vereeniging** ...*, pp.4,5.

176 Anon., "Men, skills and resources", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex: industrial growth point of the eighties***, p.122.

177 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool** ...*, p.216.

178 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool** ...*, pp.216,217.

179 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 July 1965: report.

180 R. Mendelsohn, ***Sammy Marks** ...*, p.42; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 November 1967: report; M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool** ...*, p.216.

181 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.123; J.F. Cillié & W.H.D. Savage, ***Die steenkoolveld Vereeniging** ...*, p.29; M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool** ...*, p.66.

182 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool** ...*, p.68.

die Transvaalkant en die Berthaskag is aan die Oranje-Vrystaatkant van die Vaalrivier geleë. Hierdie twee skagte is met 'n tonnel onder deur die Vaalrivier verbind.[183]

Die Bettyskag het op 2 November 1931 met produksie begin. Daar is beplan dat die Berthaskag in November 1942 met produksie van 25 000 ton per maand moes begin, om steenkool aan die Vaalkragstasie te lewer. Die Tweede Wêreldoorlog het egter die konstruksie van die nuwe myn en die kragstasie vertraag. Die vertraging met die aflewering van mynmasjinerie en toerusting vir die kragstasies was vir hierdie terugslag verantwoordelik.[184] Hierdie vertragings het veroorsaak dat die myn eers op 1 April 1944 in volle produksie gekom het.[185]

Later jare het die skagte van die Corneliamyn die grootste steenkoolproduserende skagte in Suid-Afrika geword.[186] Dié Corneliasteenkoolmyn het 'n leeftyd van 34 jaar en 4 maande gehad.[187] Die myn het vanaf 1897 tot en met die sluiting 15 233 302 ton steenkool gelewer.[188]

Na die oorlog is verskillende maatreëls ingestel om ontwikkeling van die steenkoolmyne te bevorder.[189] Daar is ook gepoog om die ekonomiese effektiwiteit van die myne te verhoog. Die rede vir hierdie aansporingsmaatreëls was dat die voortbestaan van die myne baie belangrik vir die handhawing van 'n stabiele plaaslike ekonomie in Vereeniging was.[190]

Die Springfieldsteenkoolmynmaatskappy het in 1934 tot stand gekom om steenkool by McKay se ou Meyertonmyn op die plase Kookfontein en Waldrift te ontgin. Die doel van hierdie ontginning was om die steenkool vir die opwekking van elektrisiteit by die Klipkragstasie aan te wend. Die res van hierdie myn se produksie is aan die Transvaalse Steenkooleienaarsvereniging verkoop. Die produksie van hierdie myn is deur ondergrondse water wat uitgepomp moes word en die steenkoolafsetting wat baie dik was, beïnvloed.

---

183 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., pp.74,77; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 November 1981: report.

184 M.M. Smith, ***'n Geologiese studie van steenkool*** ..., p.75.

185 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.75.

186 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.66.

187 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 8 February 1974: report.

188 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.70.

189 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.3.

190 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 December 1956: report.

Hierdie probleme het veroorsaak dat produksie afgeneem het. Gedurende 1951 het die nuwe Springfieldsteenkoolmyn in produksie gekom.[191]

Maatreëls betreffende watervoorsiening was byvoorbeeld daarop gemik om die ekonomiese lewensvatbaarheid van myne te verhoog. Die myne sowel as ander nywerhede van Vereeniging is van sterk water afhanklik.[192] Water het 'n belangrike rol in die mynontwikkeling gespeel.

Gedurende 1945 het Anglo American Corporation die Lewis en Marksgroep van maatskappye, waaronder Vereeniging Estates Limited, oorgeneem. Hierdie oorname het 'n geweldige invloed op die plaaslike ekonomie gehad. Die mynbou-ontwikkeling het egter steeds 'n positiewe invloed op die plaaslike ekonomiese-ontwikkeling gehad. Die rede hiervoor was dat die Suid-Afrikaanse myngroepe, met die oog op hul dalende bates in die mynbou en aansienlike beleggingsfondse, belange in die nywerheidsektor opgeneem het.[193] Hierdie veranderde omstandighede het 'n belangrike invloed op die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gehad.

Die Coalbrooksteenkoolmyn het vanaf 1954 in produksie gekom en was op die voorsiening van steenkool, aan ESKOM se kragstasie te Taaibosch, toegespits.[194]

Gedurende die laaste dekade het dit duidelik geword dat die mynbou in die Vaaldriehoek 'n belangrike bydrae tot die plaaslike ekonomie gelewer het. Steenkool, wat die belangrikste minerale hulpbron van die Vaaldriehoek is, het 'n deurslaggewende rol in die ontstaan van die stedelike-ontwikkeling van Vereeniging gespeel.[195]

Gedurende die laat tagtigerjare beslaan die steenkoolveld steeds 'n oppervlakte van ongeveer 780km$^2$. Dit sluit die myngebiede van van Cornelia-suid, Clydesdale (Coalbrook), Sigma (SASOL) en die ou Springfieldmyn ten noorde van Vereeniging in.[196]

---

191 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool ...*, pp.90,97.

192 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, pp.290-299.

193 S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, vol. 41, no. 4, Desember 1973, p.468.

194 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool ...*, p.99.

195 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 29 May 1970: report; H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging ...*, p.3.

196 Suid-Afrika (Republiek), Kantoor van die Eerste Minister, *Vaalrivierkompleks ontwerpgidsplan*, 1980, p.27.

Daar is twee uitgewerkte myne, naamlik die ou Springfieldmyn wat ten noorde van Vereeniging geleë is en 'n area van 1 016 hektaar beslaan.[197] Die ou oeweruitgrawings en ander myngebiede aan die Vaalrivier ten suide van Vereeniging word tans deur 'n oopgroefmyn herwin.

Dit is ook belangrik dat hierdie reserwes van die plaaslike steenkoolveld weer ontgin word. Die Sigma-bekken, Cornelia-bekken en die Coalbrook-bekken het 'n potensiaal van ongeveer 6 244 miljoen ton mynbare steenkool. Hiervan is ongeveer 1 029 miljoen ton ontginbaar. Die jaarlikse verbruik binne hierdie gebied is nagenoeg 10 miljoen ton steenkool. Dit verteenwoordig ongeveer 10% van die Republiek se steenkoolproduksie. Daar is ongeveer nog 5 000 miljoen ton steenkool in hierdie gebied beskikbaar.[198]

### *7.3.3 OMSTANDIGHEDE WAT DIE STEENKOOLMYNE BEÏNVLOED HET EN DIE INVLOED VAN DIE STEENKOOLMYNE OP DIE GEMEENSKAP*

Die teenwoordigheid van 'n groot aantal steenkoolmynwerkers in Vereeniging het die kultuursituasie in die dorp en die plaaslike ekonomie beïnvloed. Hierdie mynwerkers was vir die plaaslike boere vreemd. Die ontginning van steenkool uit die ingewande van die aarde is deur die boere bevraagteken.

Die teenwoordigheid van die groot aantal oorsese steenkoolmynwerkers het byvoorbeeld die voorsiening van 'n posdiens bespoedig. Die Transvaalse regering het 'n posafleweringskontrak aan die Transvaal Daily Express Mail and Passenger Service toegeken.[199] Die ekonomiese-ontwikkeling van die dorp het ook by die teenwoordigheid van die steenkoolwerkers, wat maandeliks vergoed is, gebaat. Die verhoogde steenkoolaanvraag wat deur die Witwatersrandse goudmyne bewerkstellig is, het die plaaslike ekonomie eweneens verstewig.[200]

Die Anglo-Boereoorlog het die produksie van die myne laat daal. Die bedrywighede by die steenkoolmyne is geraak deur die vertrek van die uitlanderwerknemers en die feit dat swart arbeiders na hulle nedersettings teruggekeer het.[201] As gevolg van hierdie uittog het steenkoolproduksie byvoorbeeld van Mei tot September 1899 tot stilstand gekom.[202]

---

197 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.83.

198 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.290,299.

199 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

200 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.72.

201 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

Die steenkoollaag by die Jubileeskag van die Centralmyn het doodgeloop en die ondergrondse bedrywighede is gestaak. Op 13 Mei 1905 het die ou uitgrawings in vlamme uitgebreek en na die res van die Centralmyn versprei. Die lewens van tien blankes en sewe swartes is geëis.

Gedurende die oorlog het Sammy Marks, 'n getroue vriend van die president Kruger, 'n belangrike rol as bemiddelaar tussen strydende magte gespeel.[203] Hy het aan die Boere en Britse leiers 'n terrein by die Centralmyn, waar Vereeniging Refractories tans geleë is, vir vredesamesprekings aangebied.[204]

Met die koms van die Eerste Wêreldoorlog het die steenkoolmyne tot oorlogsproduksie oorgegaan. Hierdie omstandighede het rooskleuriger ekonomiese vooruitsigte vir die plaaslike gemeenskap ingehou.

Mynontwikkeling is ook deur die hoë reëns vanaf November 1917 tot Februarie 1918 nadelig beïnvloed, omdat die ondergrondse water aangevul is en veroorsaak het dat sommige skagte ineengestort het. Die ondergrondse konstruksies moes gevolglik herbou word, wat ekstra onkoste meegebring het. Heelwat water moes ook dikwels weggepomp word.[205]

Naas hierdie natuurlike omstandighede wat die steenkoolmynwerkers moes trotseer is daar ook op kultuurvlak vir hulle voorsiening gemaak. Gedurende 1958 is 'n aansoek aan die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap gerig om toe te sien dat 'n gemeenskapsaal vir die Corneliamyngemeenskap opgerig word. In hierdie aansoek is vermeld dat hierdie gemeenskap ongeveer 14 myl van Vereeniging geleë is. Talle persone en veral die jonger geslag kon daarom nie al die kultuur en opvoedkundige geleenthede wat in die dorp aangebied word, bywoon nie.[206]

Daar is ook ander mynbouprobleme wat die mynbou-ontwikkeling in hierdie omgewing nadelig beïnvloed het. Daar is byvoorbeeld 'n beperking op die dikte van 'n soom wat ontgin word. Die myne van Vereeniging het some gehad wat tot 14m dik is, en daar kan

---

202 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.66.

203 T.N. Leslie, ***Diary***, volume 1 and 2 (unp. manuscript, Vaal Teknorama, Vereeniging, c. 1900), p.3.

204 J.S. du Plessis, "Enkele gedagtes oor die betekenis van die vrede van Vereeniging", ***Historia***, vol. 7, 1962, pp.52,53.

205 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.74.

206 SAB, Pretoria, VWN, band UOD, lêer SW 95/4/2: aansoek om 'n toekenning deur die Nasionale Adviserende Raad vir Opvoeding Buite Skoolverband (NAROBS) vir die Cornelia-Saalbouvereniging, 1958.

slegs some wat 3m dik is ontgin word. Soos reeds vermeld is watervoorsiening ook problematies vir mynbou in hierdie omgewing.[207]

Die tekort aan voldoende steenkooltrokke het ook soms 'n afname in produksie veroorsaak. Die swak gehalte steenkool in hierdie gebied en mynrampe het ook die steenkoolproduksie nadelig beïnvloed.[208]

Die afname in produksie gedurende 1936 en 1944 was weens 'n arbeidstekort. Gedurende die 1960-Coalbrookramp is die totale swart arbeidsmag ontslaan en is geen verdere arbeid van Portugees-Oos-Afrika verwag nie. Arbeid is in Lesotho, en die Transkei gewerf om produksie voort te sit.[209]

In Suid-Afrika was daar vanaf die sewentigerjare wydverspreide onrus.[210] Dit het 'n invloed op die mynbou-ontwikkeling in die omgewing gehad.

## 7.4 GEVOLGTREKKING

Die bydrae van die primêre sektor tot die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging is positief. Die voorsiening van basiese grondstowwe deur die landbou en die mynbou het industrialisasie in Vereeniging versnel.[211] Die ontwikkeling van die myne het die totstandkoming van verskeie nywerhede in Vereeniging tot gevolg gehad.

---

207 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, pp.290,299.

208 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool ...*, p.108.

209 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool ...*, pp.100,108.

210 Suid-Afrika Stigting, *Beknopte feitebron, 1991*, pp.58-60.

211 S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling ...", p.464.